# E-LEER – DIE NEIGING VAN DIE TOEKOMS

'n Mens sien deesdae baie kuberkursusse, maar wat is die voordele en is dit die moeite werd? vra Anne Marais

**Loopbaanontwikkeling is noodsaaklik om in die arbeidsmark relevant te bly. Dit sluit in om kursusse te doen en op hoogte van die jongste tendense te bly. Tog het nie almal die tyd en soms selfs die geld om in kursusse te belê nie. Vir diesulkes is daar die opsie van e-leer, oftewel kuberkursusse.**

**John Linnegar** werk as redigeerder en kursusopleier en het aanlyn kursusse gedoen. "Ek het 'n aanlyn kursus in die skryf van fiksie sowel as kursusse in Engelse grammatika gedoen. In die eerste kursus was ek gefrustreerd met die terugvoering en die groep as 'n geheel was te groot. Dit het veroorsaak dat die groepsbesprekings chaoties was. Met die tweede kursus het ek die handdoek ingegooi, want ek het nie met hul benadering saamgestem nie."

**Janine Papendorf** het ook twee internetkursusse gedoen. "Ek was baie beïndruk. My grootste uitdaging was om by die skedule van die ander studente aan te pas ten opsigte van die groepsbesprekings."

Daar is veral vir voornemende skrywers baie geleenthede aanlyn. **Madelie Human**, bekende liefdesverhaalskrywer, bied byvoorbeeld 'n e-poskursus in die skryf van liefdesverhale aan.

Dan is daar ook SA Vryskutskrywer wat verskeie skryfkursusse van korporatiewe tot kreatiewe skryfkursusse aanbied.

The South African Writer's College bied ook verskeie opsies aan. Hoewel die meeste in Engels is, is 'n paar van die kreatiewe kursusse ook in Afrikaans beskikbaar.

**Janie Oosthuysen**, bekende vertaler, bied ook kreatiewe skryfkursusse, sowel as 'n kursus in tydskrifjoernalistiek via haar webwerf www.skryfgeheime.co.za aan.

Daar is talle ander aanlyn kursusse waaronder fotografiekursusse, binneversieringskursusse, kunskursusse en selfs kursusse as lewensafrigters aanlyn.

Madelie het die kursus begin omdat sy besef het dat baie aspirantskrywers maande en selfs jare werk aan iets wat nie aan die vereistes van uitgewers voldoen nie. "Nie omdat hulle nie kan skryf nie, maar bloot omdat hulle nie van beter weet nie. As hul werk dan afgekeur word, verloor hulle moed en gooi die handdoek in. Ek deel graag my ondervinding as skrywer en put uit my ervaring van 30 jaar as onderwyser en lektor in tale en kommunikasie."

Sy sê verder haar kursus is op die beginnerskrywer met 'n redelike taalvaardigheid gemik.

"Dis 'n informele, interaktiewe kursus wat die aspirantskrywer help om die genre te verstaan, te leer hoe om deeglik te beplan en op dreef te kom met die skryf van 'n eerste romanse."

**Nichola Meyer**, hoof van die SA Writers College, sê hul kursusse bied aan studente die geleentheid om op 'n een-tot-een-grondslag met bekroonde skrywers te werk. "Daarmee saam kan skrywers hul skryfvaardighede oor 'n tydperk van ses tot 24 maande in fiksie- sowel as niefiksiekursusse slyp. Tans bied ons meer as 35 kursusse aan wat van gesaghebbende tutors in elke veld gebruik maak.

"Die kursusse is baie prakties georiënteerd hoewel dit ook 'n teoretiese basis het wat bedryfsverwant is."



Gallo Images/iStock

## WAT IS DIE VOORDELE VAN E-LEER?

Madelie sê haar kursus is bekostigbaar en aansoekers kan die kursus in hul eie tyd en die gerief van hul eie huis voltooi.